
Enkele kanttekeninge by N. DeRoo se opmerkings oor Edmund Husserl, die fenomenologiese metode en Herman Dooyeweerd se transendentale denkkritiek¹

A.W.G. Raath

*Emeritus Senior Professor en Navorsingsgenoot
Departemente Filosofie, Geskiedenis en Publiekreg
Universiteit van die Vrystaat
RaathA@ufs.ac.za*

L.S. Bosman

*Nagraadse Student
Afrikaanse Protestantse Akademie
cdr.715.gamer@gmail.com*

Abstract

Marginal notes to N. DeRoo's remarks on Edmund Husserl, the phenomenological method and Herman Dooyeweerd's transcendental critique of theoretical thought

In a recent publication, N. DeRoo expressed the view that Dooyeweerd is best understood as a phenomenologist, not a neo-Kantian. He avers that if we view the "Amsterdam School" as being closer to Freiburg than to Marburg, we can re-examine two central tenets of Dooyeweerd's work – meaning and temporality – in light of their phenomenological heritage

1 Waardering word uitgespreek vir kommentaar deur prof. D.F.M. Strauss op bepaalde aspekte van die teks tydens 'n filosofie-seminaar.

and implications. DeRoo concludes that Dooyeweerd offers us a new stream in the history of phenomenology, and more importantly offers a new wave for the future of phenomenology. In this article the author considers the transcendental approach of Husserl and in particular Dooyeweerd's criticism of the phenomenological method. Dooyeweerd says that in theoretical thought, the aspects of reality are unarticulated in everyday experience. In theoretical thought these aspects are abstracted from the unity of cosmic time and are set over against each other as the fields of investigation for the special sciences, such as biology, physics, and psychology. In the theoretical thought, therefore, there is an abstraction from full, concrete reality. In the antithetic relation the non-logical aspect stands over against thought and offers resistance to it as its Gegenstand. To Dooyeweerd, there is room for a true transcendental critique only when in a radical-critical attitude we can fix our theoretical thought itself on its necessary presupposita, which are postulated by this structure. Dooyeweerd holds that the theoretical attitude of thought is an intentional relatedness, a mental directedness to a Gegenstand. Like phenomenology, Dooyeweerd is opposed to phenomenism, which distinguishes between appearance and a thing-in-itself behind appearance. Although there are many points of similarity between Dooyeweerd's philosophical methods and those of the phenomenological school, Dooyeweerd avers that the phenomenological movement is a most dangerous adversary of a truly Christian philosophy. According to Dooyeweerd, the phenomenologists miss the truly transcendental direction of thought. A proper view of the human subject is also gained only by way of a truly transcendental reflection, which, while remaining within the confines of theoretical thought, points beyond it to the deeper unity of all experiencing. In this article Dooyeweerd's objections to the phenomenological movement are considered, his rejection of a broadly phenomenological method investigated, and the implications of Dooyeweerd's dialectical method approach for his philosophical position critically considered.

1. Inleiding

Volgens Herman Dooyeweerd is die fenomenologiese beweging 'n gevaarlike teenstander van die Christelike filosofie. Op die oog af vertoon Dooyeweerd se filosofiese metode egter punte van ooreenstemming met dié van die fenomenologiese skool. Ten spyte van Dooyeweerd se kritiek

teen die fenomenologie, sou, op sigwaarde, bepaalde aspekte van sy filosofiese metode selfs “fenomenologies” genoem kon word. In sy taksering van die sogenaamde “fenomenologiese betekenis” van Dooyeweerd se denke, verklaar Neal DeRoo selfs dat Dooyeweerd as ’n fenomenoloog verstaan moet word, eerder as wat hy ’n neo-Kantiaan is: “I will suggest that Dooyeweerd is best understood as a phenomenologist, not a neo-Kantian.”² DeRoo voeg by dat die voorstanders van die Wysbegeerte van die Wetsidee nader aan die denke van Freiburg as aan dié van die Marburgers staan.³ Hy beskou Dooyeweerd selfs as ’n belangrike fenomenologiese verwysingspunt vir die toekoms: “... Dooyeweerd offers a unique and significant response to Husserl and Heidegger, and as such not only offers us a new stream in the history of phenomenology, but more importantly offers a new wave for the *future* of phenomenology.”⁴ Veral Dooyeweerd se analise van “bowetydelikheid” en “uitdrukking” speel, volgens DeRoo, ’n deurslaggewende rol in dié verband: “(L)ooking back to Dooyeweerd will help us plot a course for phenomenology in the twenty-first century that focuses on two essentially interrelated terms – supra-temporality and expression – that together form the underexamined nexus at the heart of phenomenological thought.”⁵

Formeel beskou, het Dooyeweerd en die fenomenologiese benadering heelwat in gemeen: Beide beoog om ’n bydrae te lewer ter oplossing van die krisis in die Westerse denke; beide staan afwysend teenoor die sogenaamde “isme”-filosofieë; beide reageer teen die relativistiese filosofiese denke; beide poog om – soos Husserl dit stel – die “naturalisme” en gevolglike reduksie van ervaringsverskynsels tot die fisiese en psigiese te vermy; beide streef na ’n meer radikale wetenskapskritiek as dié van Immanuel Kant en beide onderneem ’n meer nougesette ondersoek na die wetenskapsbegrippe op die onderskeie wetenskaplike terreine. Voorts beklemtoon sowel Husserl as Dooyeweerd die wetenskaplike aard van die filosofie, dat dit die grondslag lê vir die partikuliere wetenskappe en bygevolg as die *scientia scientiarum* beskryf kan word.

Hoewel Dooyeweerd se benadering transendentiaal van aard is, vertoon dit in ’n materiële sin eienskappe wat betekenisvolle ooreenstemming met die fenomenologiese metode vertoon: Dooyeweerd is van mening dat

2 N. DeRoo, *Meaning, Being, and Time: The Phenomenological Significance of Dooyeweerd's Thought*. In: *Phenomenology for the Twenty-First Century*. London: Palgrave Macmillan (2016), pp. 77-96 op 78.

3 DeRoo, *Meaning, Being, and Time*, p. 78.

4 DeRoo, *Meaning, Being, and Time*, p. 78.

5 DeRoo, *Meaning, Being, and Time*, p. 78.

die teoretiese denkhouding 'n intensionele relasie, 'n mentale gerigtheid tot die *Gegenstand* behels. Voorts is Dooyeweerd afwysend teenoor die “fenomenalisme” en onderskei hy tussen die verskynsels en die *Ding-an-sich* agterliggend tot die verskynsels en behou die oriëntasie tot fenomena wat Husserl uitdruk met die weskroep, *Zu den Sachen selbst*. Voorts huldig Dooyeweerd die standpunt dat hoewel epistemologiese probleme nie gesystap kan word nie, dit op voorafgaande ontologiese grondslae berus en hy beperk homself tot die verskynsels wat binne die horison van die menslike ervaring figureer. In 'n radikale sin sluit Dooyeweerd metafisika uit wat voorgee om teoreties te handel met dit wat buite die reikwydte van moontlike menslike ervaring figureer. In dié opsig is Dooyeweerd se benadering empiries, soortgelyk as wat Husserl fenomena erken wat buite die grense van die fisiese en die psigiese figureer. Bykomend daartoe verklaar Dooyeweerd dat menslike ervaring nie beperk mag word tot die psigies-sensoriese aspek nie.

Die empiriese kante van Dooyeweerd se filosofiese metode vertoon ooreenstemming met dié van die fenomenologie. Hyself verklaar dat hy eens sterk deur die fenomenologiese beweging beïnvloed is. Volgens Dooyeweerd lei die gepretendeerde neutraliteit van die fenomenoloë egter tot die verabsoluttering van die teoretiese denke en tot mislukking van hul eie filosofiese program vir sover hul nie daarin slaag om aan 'n ware transendentale denkrigting beslag te gee nie en dat hul bygevolg misluk in hul pogings om 'n volle greep op die werklikheid in sy fundamentele eenheid te verkry – 'n greep wat teoreties slegs in 'n transendentale gerigtheid moontlik is. By oorweging van N. DeRoo se interpretasie van Husserl en Dooyeweerd se sogenaamde “fenomenologiese benaderings”, word Husserl se fenomenologiese metode ondersoek, Dooyeweerd se kritiek daarteen oorweeg en laasgenoemde se transendentale metode krities aan die orde gestel.

2. Husserl, Dooyeweerd en die kritiek teen die rasionalistiese fenomenologie

2.1 Husserl se transendentale fenomenologie

2.1.1 Husserl en die probleem van intersubjektiviteit

In sy werke *Cartesian Meditations: An Introduction to Phenomenology*⁶

6 Later gepubliseer as E. Husserl, *Cartesian Meditations: An Introduction to Phenomenology*. Vertaal deur D. Cairns. Dordrecht / Boston / Londen: Kluwer Academic Publishers (1999).

(*Cartesianische Meditationen*)⁷ en *Formal and Transcendental Logic*⁸ (*Formale und Transzendente Logik*)⁹ wy Husserl aandag aan die probleem van intersubjektiviteit. Husserl identifiseer 'n pluraliteit van "monades", synde streng individuele eenhede, wat in die laaste instansie saamgebind word deur fenomenologiese rasionaliteit en waarvan die fenomenologiserende *ego* die *Urmonade* vorm.¹⁰ Andersyds kan slegs die werklikheidshorison die alomvattende samehang van die subjektieweite wees. In sy latere werk, *The Crisis of European Sciences and Transcendental Phenomenology*,¹¹ behou die *cogito* 'n oorheersende posisie: "All the fully concrete things and occurrences – or rather the ways in which factual plena and shapes stand in causal relation – must be included in the method."¹² Ten diepste behou die metode nie die opperhand nie, maar die strewe van die *ego* na outonome, universele singewing. Dié strewe beoog om sigself langs die weg van metodiese-teoretiese analise te verweselik. Die strewe na metodiese analise kan sigself egter slegs handhaaf in 'n voortgaande en reduktiewe (refleksiewe) bevryding van dít waaraan refleksie deurentyd verbonde is. Dié stand van sake impliseer dat die grondliggende *ego* op die agtergrond gedwing word. Die sogenaamde natuurlike denkhouding word gekenmerk deur die naïewe gerigtheid van die subjek tot die wêreld van dinge, gebeurtenisse en waardes en dié houding word radikaal getransformeer in die transendentale houding waarin die subjek homself ontdek as die intensionele skepper van sy wêreld. Die natuurlike houding bly egter die noodsaaklike veronderstelling of voorwaarde waarsonder die skynbaar outonome refleksie (van die individuele subjek) nie kan funksioneer nie.¹³

7 E. Husserl, *Cartesian Meditations: An Introduction to Phenomenology*. Vertaal deur D. Cairns. Kluwer Academic Publishers: Dordrecht / Boston / London (1999), pp. 30, 31, 64, 78, 84, 85, 89 e.v.

8 Husserl, *Formal and Transcendental Logic* (1969).

9 Husserl, *Formal and Transcendental Logic* (1969), pp. 15, 188, 236, 237 e.v.

10 Husserl, *Cartesian Meditations*, p. 65 e.v.

11 Husserl, *The Crisis of European Sciences and Transcendental Phenomenology*. Vertaal deur David Carr. Evanston: Northwestern University Press (1970).

12 Husserl, *The Crisis of European Sciences*, p. 98.

13 Kyk D. Moran, *Husserl's Crisis of the European Sciences and the Transcendental Phenomenology*. Cambridge: Cambridge University Press (2014), p. 229; "According to Husserl's 'Cartesian' formulation, transcendental philosophy is a self-reflexive philosophy of subjectivity that begins from the conscious ego reflecting on itself and its experiences (no longer considered as events in the mundane world but as intentional meaning-constitutions on an a priori level)."

2.1.2 Husserl se vertrekpunte vir 'n transendentale denkkritiek

Husserl se strewe na 'n fundamentele denkkritiek, ter oorkoming van die krisis in die Westerse denke, is voorafgegaan deur kommentaar van W. Dilthey en F.W. Nietzsche van soorgelyke aard. Teen die einde van sy loopbaan, in sy *The Crisis of the European Sciences and Transcendental Phenomenology* (1937), streef Husserl steeds na die oplossing van dié krisis. Die werk van Husserl wentel deels om sy klem op die filosofie as 'n apodiktiese wetenskap.¹⁴ Met dié standpunt plaas Husserl homself teenoor enersyds die sogenaamde naturalistiese positivisme¹⁵ en andersyds die historistiese filosofie van lewens- en wêreldbeskoulike aard (*Weltanschauungsphilosophie*)¹⁶ – tendense wat bepaalde ontwikkelinge deurloop het, maar steeds relevant bly. Husserl se werk ter bevestiging van die apodiktiese aard van die filosofie, bring hom tot die besef van 'n radikale self-kennis; kennis wat bokant die heersende natuurwetenskaplike metodes uitgaan en die neiging tot psigologiese “verstaan” of “gevoel” (*Einfühlung*) transendeer.

Die oorheersing van positivisme aan die begin van Husserl se loopbaan, berus op die premisse van die natuurwetenskaplike metode. Die veronderstelling was dat die mens met sy akt-lewe nie buite rekening gelaat kan word nie: elke “feit” is 'n waargenome feit, wat met interpretasie daarvan gepaard gaan. Daarbenewens is gepoog om die onbetwyfelbare “subjektiewe” faktore in die “objektiewe” (natuurwetenskaplike weg) in sig te kry. Die resultaat was die psigologisme van die 19de eeu – die verabsoluttering van die psigiese funksie, naamlik menslike handeling wat in werklikheid slegs as die psigiese funksie – as een (belangrike) aspek tussen andere in dié funksie – beslote is.¹⁷ Die geneigdheid was om te verwys na die “stroom” van sensasies en idees. Dié stroom is meestal opgevat as 'n “objektiewe” natuurfeitelike proses en uit hoofde van fisiese kousaliteit vloei een ding noodwendig uit 'n ander voort. Die “subjektiewe” (oftewel singewende) aard van handeling staan gevaar om in die loop van die stroom te verdwyn. Die tipiese totaliteitstrukture van menslike handeling is opgelos in die sogenaamde “elemente”

14 Husserl, *The Crisis of the European Sciences*, p. 16: “... the form of a universal philosophy which grows through consistent apodictic insight and supplies its own norms through an apodictic method.”

15 Husserl, *The Crisis of the European Sciences*, p. 7.

16 Vgl. Husserl, *The Crisis of the European Sciences*, p. 378.

17 Husserl, *The Crisis of European Sciences*, pp. 63, 67-68, 257-258.

(van sensasies) waaruit die meer of minder ingewikkelde komplekse van “voorstellings” ontstaan. Van hieruit het denkers gepoog om die geheel te rekonstrueer.

Langs hierdie weg is die logiese norme van die menslike denkkragte direk in gevaar gestel. In dié omvattende proses het dié norme in 'n enkele psigiese feitlikheid vervloei. Die sogenaamde “wetenskaplike” denkwyses het gedreig om tot 'n rampspoedige skeptisisme te verval. Voorts is die afstand tussen die filosofie en die vakwetenskappe vergroot.

Dié stand van sake het Husserl daartoe gebring om die rehabilitasie van die filosofiese denke te bepleit. Husserl se filosofiese program het die klem geplaas op die terugkeer van die filosofiese denke na die diepste vrae van die bewuste mensheid en na die grondslae van die onderskeie spesiale wetenskappe. As vertrekpunt neem Husserl die insig in dit wat in die menslike handeling-ervaring self gegee is en om dit so akkuraat moontlik te beskryf: deskriptiewe psigologie teenoor die natuurwetenskaplike psigologie.¹⁸ Die breë struktuur van Husserl se denkraamwerk was dus die psigologie. Die *fundamentele grondnoemer* wat die onderskeie kante van die werklikheid moet saambind, is die sogenaamde ervaringstroom van die bewussyn en ervaring.¹⁹ Husserl se grootste probleem was die grondslagvraagstuk na die universeel geldigheid van wetenskaplike (oftewel logiese) stellings – gereflekteer in sy werk *Logical Investigations*²⁰ (*Logische Untersuchungen*). Dié geldigheid kan, volgens Husserl, nie gehandhaaf word nie; dit word ondermyn wanneer menslike bewussyn tesame met die handeling daarvan, nieteenstaande die lippediens wat positivistiese psigologisme daaraan verleen het, hanteer word as 'n konglomeraat van kontingente natuurlike prosesse, gekenmerk deur bepaalde reëlmatighede, maar vir die orige beskou word as 'n algemene, onbepaalde stroom sonder werklike sin. In sy *Logische Untersuchungen* poog Husserl om die impasse van die psigologisme te oorkom sonder om na die Kantiaanse formalisme terug te keer. Husserl se pogings behels nie die verklaring van die reëls vir logiese aktiwiteit nie, maar om vas te stel of daar universele en konstante wesenlikhede (*eidé*) bestaan wat, volgens Husserl, van logiese aard

18 Husserl, *The Crisis of European Sciences*, pp. 63, 67-68.

19 Husserl, *The Crisis of European Sciences*, pp. 157-164.

20 E. Husserl, *Logical Investigations*. Vertaal deur J.N. Findlay. Routledge & Kegan Paul Ltd. (2001).

is en as onontwykbare strukture van menslike handeling self beskou moet word. Vir dié doel speel die begrip “intensionaliteit” ’n belangrike rol.²¹

Die eerste stap in die fenomenologiese metode is om die akt as *akt* te neem; nie as ’n blinde, meganiese proses nie, maar as ’n bewustelike ervaring. Husserl verduidelik dit aan die hand van die term *intensionaliteit* – elke menslike akt, as ’n bewussynsakt. Met verwysing na ’n huis kan dit soos volg verduidelik word²²: Dit is vir menslike waarneming vatbaar; dit kan vir die skoonheid daarvan bewonder word; ’n oordeel kan daarvoor uitgespreek word; dit kan bewoon word en selfs aan die brand gestee word. In al hierdie onderskeie akte beskik die huis oor sin. Husserl onderskei tussen die natuurlike, materiële “werklikheid” en die sfeer van sin. Volgens Husserl kan ’n huis vernietig word, maar nie die sin daarvan nie.²³ Op grond van die positivistiese psigologisme, gebaseer op die inklusiewe natuurlike wetenskaplike metodes, vestig hy sy blik op ’n tweede blywende domein wat oor duursaamheid beskik. Husserl se vraag is: Wat bedoel ons met waarneming, gevoel, verbeelding, beoordeling ensovoorts? Die vraag is voorts: Vanuit watter standpunt kan die sinverskeidenheid onderskei word? Die antwoord kan nie gevind word binne die diversiteit as sodanig nie, want dan sou sprake van sindiversiteit self betekenisloos wees. Dit is ’n sentrale punt waarmee die diversiteit verbind is. Hier tree ’n fundamentele spanning in Husserl se denke na vore: Daar is die psigologiese stroom van subjektiewe ervarings as basiese grondnoemer van sy ondersoek. Dié grondnoemer veronderstel die sinsamehang, wat deur die grondnoemer gereduseer word ten einde die sinsamehang outonoom te reconstrueer. Logiese handeling of ervarings word gereduseer tot ’n spesie van die algemene, allesomvattende psigologiese stroom van ervarings. Terselfdertyd tree die abstrakte en onvoldoende aard daarvan as grondnoemer aan die lig. Enersyds resorteer logiese denke onder die universele stroom van ervaring (synde ’n abstrakte samehang); andersyds word dit as die sentrale Archimedespunt self gereserveer; die punt van waaruit die diversiteit van handeling en hul “sin-inhoude” beskou kan word. Terselfdertyd word die psigologiese

21 Husserl, *Logical Investigations*, 297.

22 Husserl, *Logische Untersuchungen*. Reds. V. Mayer & C. Erhard. Berlin: Akademie Verlag (2008), p. 211 e.v.

23 Vir die Platonistiese inslag van Husserl se kenteorie, kyk D.F.M. Strauss, *Philosophy, Discipline of the Disciplines*. Grand Rapids: Paideia Press (2009).

grondnoemer gereduseer tot die “objektiewe” veld wat sy sin van logies-metodiese refleksie ontvang. Dié analise neem ’n aanvang by ’n konkrete handeling. Dit verwesenlik sigself in ’n sogenaamde intuïtiewe insig²⁴ in die “essensie” (*eidōs*), wat as finale kriterium funksioneer.²⁵ Dié proses staan in fenomenologiese taal bekend as *eidetiese reduksie*. In dié eidetiese reduksie word die teoretiese uitkyk primêr gerig op die “objektiewe” deel van die intensionele handeling, naamlik die intensionele sin as sodanig. Husserl verklaar dat die sin-inhoud immanent is aan die intensionele handeling self en dat die eenhede van sin niks anders behels as die ideaal gegrepe momente van dié handeling self nie. Aangesien Husserl self binne die algemene raamwerk van die psigologisme argumenteer – wat die sentrale verwysingspunt in die psigologiese stroom tesame met sy konglomerasie van onderskeie objektiewe feite opgelos het – bly geen ander grond oor om die universeel geldige te verseker as om die onderskeie logiese betekenis tot ’n domein van idealiteit te verklaar nie.²⁶ Laasgenoemde bestaan ten koste van subjektiewe aktiwiteit – die sogenaamde rasionalistiese tendens by Husserl. Husserl se program om rekenskap te gee van die akt-lewe self word gereduseer tot die vaste anti-pool van die gefikseerde logiese refleksie. Vanuit die outonoom metodiese rekonstruksie by laasgenoemde, ontvang dit sin. Van die dinamies, veelsydige gegewenheid van pre-teoretiese, praktiese ervaring, kan nie rekenskap gegee word nie. Sin word gefikseer in die abstrakte teenpool van die subjektiewe fenomenologiese refleksie, omdat Husserl nie die veelsydigheid van die teoreties-logiese begrippe verreken nie: daar bestaan psigologiese, juridiese, etiese begrippe ensovoorts. Hy kom ook nie tot die insig dat sodanige begrippe hul sin aflei van die sin van die psigiese, juridiese en etiese sfeer (wat slegs deur middel van refleksie onderskei word); anders sou dit tot niksheid verval.

24 Husserl, *Logical Investigations*, pp. 94, 95, 102, 147, 151-152, 154, 212, 224-225, 246, 263, 279.

25 Husserl, *Logical Investigations*, p. 151: “There is a single truth, which corresponds to the multitude of individual acts of knowledge having the same content, which is just their ideally identical content.”

26 Husserl, *Logical Investigations*, p. 151: “In like manner, the ideally identical content of a theory corresponds to the multitude of individual knowledge – continuous in each of which ... the same theory comes to be known. It is accordingly not made up of acts but of purely ideal elements of truth, and that in purely ideal forms, those of ground and consequent.”

2.1.3 Husserl en die dialektiek van die positivisme

Die fenomenologiese belangstelling in die dialektiek spruit uit Wilhelm Dilthey se kritiek van die historiese rede – ’n Kantiaanse nalatenskap by die opkoms van die negentiende eeuse wetenskapsideaal.²⁷ Dilthey beskryf die innerlike dialektiek van die humanistiese denke as synde ’n spanning tussen twee pole wat mekaar wedersyds uitsluit en veronderstel – enersyds die outonomie van die menslike rede; andersyds die volkome rasonele oorheersing van die werklikheid: “Aus dieser Dissonanz der Souveränität des wissenschaftlichen Denkers und der Ratlosigkeit des Geistes über sich selbst und seine Bedeutung im Universum entsteht nun der letzte und eigenste Zug im Geiste der gegenwärtigen Zeitalters und in seiner Philosophie. Der düstere Stolz und der Pessimismus eines Byron Leopardi oder Nietzsche hat die Herrschaft des wissenschaftliches Geistes über die Erde zu seiner Voraussetzung. In ihnen macht sich aber zugleich die Leere des Bewusstseins geltend, da alle Maßstäbe aufgehoben worden sind, alles Feste ist schwankend geworden, eine Schrankenlose Freiheit der Annahmen, das Spiel mit grenzenlosen Möglichkeiten lassen den Geist seine Souveränität genissen, und geben ihm zugleich den Schmerz seiner Inhaltlosigkeit.”²⁸ Die aard van die spanning sou ook beskryf kon word as rasonele outonomie en outonome rasionaliteit. Die diepere aard van die dialektiek word deur Van der Hoeven soos volg beskryf: Die eerste pool is die belangrikste: in die afval van die lewende God, die Oorsprong, kies dit homself en besluit om menslike outonomie ten alle koste te behou. Menslike outonomie, volgens van der Hoeven, stuit egter telkens op menslike onvermoë om *werklik* outonoom te funksioneer; die mens kan homself nie ontworstel aan God en God se skepping nie. Bygevolg val die mens in ’n skyn-werklikheid van skeppingsoorsprong: “For humanism this remains an apostasy to the human *function of rational distinction*, a function that is dislocated from its real *meaning* and now continually threatens the ‘autonomous’ self-consciousness from which this absolutization of ‘reason’ originated.”²⁹ Die fenomenologiese pogings om opnuut dié spanning te oorkom en om die hoër, transendentale eenheid van die menslike leefwêreld te ontdek, is ’n poging wat die oorspronklike dualisme duideliker na vore gebring het en die innerlike

27 J. van der Hoeven, *The Rise and Development of the Phenomenological Movement*. Ontario: The Association for Reformed Scientific Studies (1964), p. 12.

28 W. Dilthey, *Gesammelte Schriften*, Vol. VIII. Stuttgart: B.G. Teubner (1962), p. 194.

29 Van der Hoeven, *The Rise and Development of the Phenomenological Movement*, p. 13.

dialektiek van die humanistiese grondmotief as 'n motief binne 'n bepaalde denkgemeenskap beklemtoon het. Soos Immanuel Kant, poog die fenomenologie om tot 'n radikale en integrale kritiek van die menslike rede te kom – pogings wat ook vir die filosofiese werk van Reformatoriese Christene belangrik is. Tot die krediet van Edmund Husserl moet beklemtoon word dat hy die kritiek van die rede 'n belangrike aspek van die fenomenologiese program gemaak het: "Ich meine eine Kritik der Vernunft. Eine Kritik der logischen und der praktischen Vernunft, der wertenden überhaupt. Ohne in allgemeinen Zügen mir über Sinn, Wesen, Methoden, Hauptgesichtspunkte einer Kritik der Vernunft ins Klare zu kommen, ohne einen allgemeinen Entwurf für sie ausgedacht, entworfen, festgestellt und begründet zu haben, kann ich wahr und wahrhaftig nicht leben. Die Qualen der Unklarheit, des hin- und herschwankenden Zweifels habe ich ausreichend genossen. Ich muss zu einer inneren Festigkeit hin kommen. Ich weiss, dass grosse Genien daran gescheitert sind und wollt ich mich mit ihnen vergleichen, so müsst ich von vornherein verzweifeln."³⁰ Die "krisis" in die Europese wetenskapswêreld het Dilthey dermate aangegryp dat hy in 1937 sy werk daarvoor publiseer: *Die Krisis der Europäischen Wissenschaften und die transzendente Phänomenologie*.³¹ Vanuit die agtergrond van die transendering van die natuurlike wetenskaplike metode en die psigologiese *Einfühlung*, streef Husserl na die sentrale selfkennis wat verleen word deur die werklikheidsopenbaring, wat in geloof aanvaar word en wat die mens se teoretiese uitsig bevry: "But this opening-up is fundamentally excluded as long as one a-priorily shuts himself up in an attitude of theoretical thought, disengaged from its meaning, with the concomitant method, which – apart from this absolutization – can indeed be fruitful for the discovery and analysis of that which really has been entrusted to the control of man."³² Vanuit die fundamentele dualisme soek Husserl na die alomvattende eenheidsgrond van menslike kennis. Husserl se *egologie* streef na 'n eenheidsgrond in die menslike *Lebenswelt* – die onmiddellik gegewe werklikheid. Husserl soek die Archimedespunt in die *ego cogito* van die fenomenoloog self. Gekonfronteer met die uitwissing van die

30 Aangehaal deur W. Biemmel (Red.), "Einleitung". In: E. Husserl, *Die Idee der Phaenomenologie*. Den Haag: Martinus Nijhoff (1950), pp. VI-XI, op VI.

31 E. Husserl, *Die Krisis der Europäischen Wissenschaften und die transzendente Phänomenologie*. Springer (1971). Kyk C.R. Bambach, Heidegger, Dilthey, and the Crisis of Historicism. Ithaca: Cornell University Press (1995).

32 Van der Hoeven, *The Rise and Development of the Phenomenological Movement*, p. 19.

persoonlikheidsideaal in die positivismes, poog Husserl om die primaat van die individuele persoonlikheid en verantwoordelikheid te herstel. Dit vind hy in die individuele *ego* – die finale sekerheidsgrond van die fenomenoloog. Husserl arriveer by hierdie *ego* deur middel van die sogenaamde fenomenologiese reduksie.³³ Laasgenoemde behels 'n metodologiese refleksie en is as sodanig die vertrouensgrond en weg na universele waarheid. In sy soeke na die universele oorsprong van sin, voer sy fenomenologiese metode tot transendentale reduksie en beland Husserl in 'n wesenlike impasse: In dié reduksie word die hele empiriese subjektiwiteit metodies opgehef en slegs die suiwer tydstroom van transendentale bewussyn word behou³⁴ en bygevolg verskyn die suiwer transendentale *ego* as die bron van singewing deur middel van sy intensionele gerigtheid.³⁵ Vervolgens ontstaan die vraag: Hoe is dit moontlik dat dié oorsprong, dié fundamentele syn, die resultaat, die oorblyfsel van die reduksie kan wees? Laasgenoemde is, uiteraard, 'n refleksie en is voortdurend verbind aan die teenpool, oftewel die wêreld (tesame met die empiriese, naïewe, natuurlike of menslike subjektiwiteit).

Aan die ander kant van die humanistiese grondmotief staan die teenpool van outonomie sowel as die intrinsieke relatiewiteit van teoretiese refleksie. Husserl gee toe dat die fenomenologiese “oorblyfsel”, die “transendentale subjektiwiteit” terselfdertyd die voorwaarde van die moontlikheid van die reduksie self vorm en as sodanig antisipeerbaar is. Solank dié transendentale subjektiwiteit slegs verteenwoordigend van die verabsoluteerde fenomenologiese refleksie self is – wat sy inhoud aan die *objek* van dié refleksie ontleen en waarin die individuele filosoof nie herkenbaar is nie – sal die outonomie-pool onderdruk bly. Husserl maak bygevolg melding van die “splyting van die *ego*”, wat sigself in die fenomenologiese houding (*Einstellung*) verwesenlik. Ten laaste word die reduksie voorgestel as 'n innerlike verandering, 'n soort religieuse bekering, wat meteen plaasvind (*in einem Schlage*) en waarsonder fenomenologie nie verstaan kan word nie.

2.2. Herman Dooyeerd en die transendentale denkkritiek

2.2.1 Dooyeweerd oor die naïewe ervaring en abstraherende denke

33 D. Moran, *Husserl's Crisis of the European Sciences and Transcendental Phenomenology. An Introduction*. Cambridge: Cambridge University Press (2014), pp. 220, 221.

34 Moran, *Husserl's Crisis*, pp. 238, 258.

35 Moran, *Husserl's Crisis*, pp. 100, 102, 126, 237 e.v.

Volgens Dooyeweerd behels die alledaagse ervaring die konkrete leefwêreld ingevolge waarvan die mens die werklikheid in die volheid en samehang daarvan beleef.³⁶ Hierdie naëwe ervaring (wat insluit die naëwe denkhouding) is self nie van 'n teoretiese aard nie. Dit is 'n primêre gegewe wat die teoretiese denke onderlê en nie geïgnoreer of deur laasgenoemde vervang kan word nie. In die teoretiese denkhouding abstraheer die mens van die samehang in die tyd van die naëwe ervaring en artikuleer aspekte of modi, byvoorbeeld die aritmetiese, ruimtelike, fisiese, energetiese, biotiese, psigiese ensomeer.³⁷ Elk van die modi onthul 'n strukturele eiesoortigheid; elk daarvan is soewerein in eie kring uit hoofde van die onherleibare sinkern van elk, en welke sin tot uitdrukking kom in sowel die wetsy as subjeksy van elke werklikheidsaspek. Die samehang van die tydelike werklikheid kom in elke modale bepaling tot uitdrukking, antisipeer latere aspekte, retrosipeer na vroeëre aspekte deur middel van betekenismente wat Dooyeweerd analogieë noem en hy verwys in dié verband na die teoretiese greep van die struktuur van dié modale aspekte in 'n teoretiese begrip.³⁸ Die modale sinkern is egter nie self vir logiese analise vatbaar nie.³⁹ In die proses van die struktuuranalise van die modale aspek, word die modale sinkern – uit hoofde waarvan elke modale aspek 'n unieke en nie-reduceerbare kwalifikasie ontvang – blootgelê. Hoewel hier oënskynlik 'n parallel met die fenomenologiese beweging na vore kom, ontken Dooyeweerd sodanige ooreenstemming. Volgens Dooyeweerd en ondersteuners van die Wysbegeerte van die Wetsidee is die kosmiese orde nie primêr van logiese aard nie. Die kosmos is onderworpe aan die wetstruktuur van die werklikheid uit hoofde waarvan die wet die grens tussen God en die werklikheid stel. Dié wetsaard is nie primêr logies van aard nie omdat die logiese (analitiese) slegs een aspek van die kosmiese orde vorm. Sonder sodanige orde sou die logiese nie moontlik wees nie. Dooyeweerd handhaaf die standpunt dat die opvatting dat die kosmiese wetstruktuur logies van aard is, uit pas met die wesensaard van sy filosofiese standpunt is: Ingevolge die transendentale grondidee van sy filosofie, kan die tydelike werklikheid nie as logies opgevat word

36 H. Dooyeweerd, *A New Critique of Theoretical Thought*. Vol.s I-IV. Geen plek van uitgawe vermeld: The Presbyterian and Reformed Publishing Company (1969), Vol. I, p. 3.

37 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 3.

38 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 49 e.v.

39 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 5.

nie omdat dit die grense van begripsvorming oorskry.⁴⁰ Met verwysing na Immanuel Kant, verklaar Dooyeweerd dat die wetsorde nie transendentiaal-logies van aard is nie.⁴¹ Dooyeweerd handhaaf egter dat die wetenskaplike streef na 'n logiese begrip van die partikuliere wetskring wat hy ondersoek. By vorming van die begrip van sodanige wetskring bring hy egter nie die sinkern se wesensaard op logiese wyse na vore nie. Die modale sinkerne kom slegs tot uitdrukking op analogiese wyse, naamlik in subsidiêre sinsmomente wat rondom die sinkern versamel en wat na ander sinsaspekte verwys.⁴² Voorbeelde van sodanige analogieë is “regsmag”, “sosiale lewe”, “fisiese ruimte”, “estetiese gevoel”, ensovoorts.⁴³ Met verwysing na die regs wetenskap beskryf Dooyeweerd die aard en grense van teoretiese omskrywing soos volg: Die fundamentele regs begrip moet die modale sin van die juridiese wetskring tot uitdrukking bring. Dié modale sin is slegs begrypbaar in verband met die hele tydelike samehang van die modaliteite. Terselfdertyd stuit ons egter op die innerlike grense van die uitdrukking daarvan in teoretiese begrippe. By die teoretiese analise van die modale struktuur, van byvoorbeeld die reg, kan ons nie verder gaan as om die onderskeie struktuurmomente wat deur die modale sinkern van die juridiese aspek gekwalifiseer is, uiteen te stel nie. Indien hierdie momente sinteties in die fundamentele begrip van die reg saamgevoeg word, stuit ons onafwendbaar op die onreduseerbare modale sinkern wat die sin van die analogiese en antiserende momente beheers. Dit is onmoontlik om die modale sinkern met enige groter mate van presiesheid logies te analiseer, omdat dit ingevolge die modale soewereiniteit in eie kring van die regsaspek teenoor die logiese aspek te staan kom. Elke poging om die nie-reduseerbare sinkern tot iets anders te herlei, lei noodwendig tot onbepaalde en teoreties nuttelose begripsvorming. Die modale sinkern van die aspek wat geanaliseer word is dus die grens van alle teoretiese begripsvorming.⁴⁴ Die partikulariteit van sin van die modale

40 Dooyeweerd, *A New Critique of Theoretical Thought*, Vol. II, p. 5.

41 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 5.

42 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 485. Vgl. H. Dooyeweerd, *Inleiding tot de Encyclopaedie der Rechtswetenschap*. Amsterdam: H.J. Paris (1969) (hierna *Inleiding Encyclopaedie*), p. 53.

43 Dooyeweerd, *De analogiese grondbegrippen der vakwetenschappen en hun betrekking tot de structuur van den menselijken ervaringshorizon*. Mededelingen der Koninklijke Nederlandsche Akademie der Wetenschappen, afdeling Letterkunde. Nieuwe Reeks, dele 17 no. 6. Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij (1954).

44 Dooyeweerd, *Inleiding Encyclopaedie*, p. 53.

sinkerne kan dus nie oorbrug word in 'n logiese begrip wat kan dien as gemene deler van hul sin nie. Die modaliteite is self *ultima genera* van modale sin waaronder slegs tipiese en individuele manifestasies van die modaliteite binne die onderskeie aspekte tuisgebring kan word.⁴⁵ Bygevolg kan geen enkele een as bepaler vir ander dien nie.⁴⁶ Elkeen is uniek en soewerein in eie kring. In die proses van begripsvorming van 'n aspek word die modale sinkern blootgelê as synde dit wat al die sinsmomente binne die betrokke aspek kwalifiseer.⁴⁷ Alhoewel daar 'n parallel met die fenomenologiese metode bestaan, verklaar Dooyeweerd dat dit wat blootgelê word nie sluimerende essensie is nie, maar 'n aspek van die sin van die kosmos wat in sy rusteloosheid na die oorsprong daarvan in die soewereine wil van God as Skepper heenwys.

2.2.2 Dooyeweerd se kritiek van die “rasionalistiese fenomenologie”

By herhaling waarsku Dooyeweerd teen verwarring van sy filosofiese benaderings met dié van die fenomenologiese skool. Sy sterkste beswaar is gerig teen Husserl se tipe fenomenologie: Laasgenoemde behels 'n “rasionalistiese fenomenologie” wat streef na 'n neutrale, volkome outonome filosofiese metode; dit beoog die onthulling van breër ervaringsvelde, dit streef na 'n eenvormige laag van menslike ervaring buite alle antiteses (byvoorbeeld dié van subjek en objek) wat die menslike natuurlike denkhouding kenmerk.⁴⁸ Dooyeweerd gee toe dat in die denke van Edmund Husserl 'n breuk met die identifisering van die empiriese met sintuiglike ervaring voorkom soos dit by die Kantiaanse filosofie gefigureer het.⁴⁹ Dié stap open die weg vir 'n empirisme wat wyer strek as slegs dié van Kant. Vanweë Dooyeweerd se voortgang op dié weg, kan sy metode as bevattende 'n fenomenologiese element getipeer word. Volgens Dooyeweerd strek die empiriese oor alle modale aspekte. In elke konkrete gebeurtenis is elke aspek teenwoordig. Sy kritiek teen die fenomenologie as 'n filosofiese standpuntinname is, onder andere, dat ten spyte van die pretensies van dié filosofiese tradisie, dié benadering nie tot 'n integrale ervaringsbegrip van die werklikheid kan kom nie. Dus gaan dit onder dieselfde tipe dualisme as die filosofie van Kant gebuk.

45 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 14.

46 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 14.

47 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 485.

48 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 546.

49 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 546; 477, 495 en Vol. III, p. 32.

Volgens Dooyeweerd faal die fenomenologiese metode vir sover dit nie daarin slaag om die werklikheid in die fundamentele eenheid, soos dit in die naïewe ervaring gegee is, te onthul nie. Voorts verklaar Dooyeweerd dat die fenomenologiese benadering nie verhoed dat die werklikheid binne die raamwerk van 'n hoogste antitese waargeneem word nie – die metode van *Wesensschau* as onmiddellik intuïtiewe waarneming van die werklikheid soos dit aan die mens verskyn (synde die objektiverende metode van die natuurwetenskappe). Dooyeweerd maak beswaar teen Husserl se metode van *Wesensschau* vir sover laasgenoemde gerig is op 'n metafisiese eindpunt wat die eiestandigheid van die onderskeie kante van die werklikheid negeer. Voorts is Husserl se transendentale subjek 'n konstruk van die teoretiese denkhouding en figureer dit nie as 'n gegewe nie.⁵⁰ Selfs meer as by vroeëre filosofiese benaderings, het die fenomenologie van die laaste struikelblokke in die weg van die natuurlike rede verwyder. Die verwydering van grense aan die natuurlike rede lei daartoe dat selfs Kant se etiese selfheid, wat hy gepoog het om te beskerm teen indringing deur die teoretiese analise, verwyder en begrepe is in die bestek van die natuurlike rede wat na die diepste oorsprong van die menslike ervaring moet deurdring. Dooyeweerd handhaaf die standpunt dat pogings tot grensuitwissing stuit teen die teoretiese denkhouding wat gebonde is aan die wetstruktuur van die kosmos en wat die grondslag vir die bestaan daarvan bied. Die uitbreiding van die bestek van die teoretiese begripsvorming in die fenomenologiese filosofie is 'n toegewing aan die konkrete ervaring om in sy radikale eenheid te voorskyn te kom. Volgens Dooyeweerd is dit 'n mislukte poging. Sodanige pogings faal vir sover dit nie die eenheids-subjek van dié ervaring na vore bring nie. In lyn met Dooyeweerd se kritiek, verklaar Johan van der Hoeven dat die transendentale subjek van die fenomenologie 'n konstruk, 'n fabrikasie van die teoretiese denke is, in plaas daarvan om die onderliggende eenheid wat sin daaraan verleen, te wees.⁵¹ Volgens Dooyeweerd mis die fenomenoloë die ware transendentale denkrigting. Die betekenskern van 'n modale aspek van die werklikheid is, volgens Dooyeweerd, nie 'n statiese *eidōs* nie en dit is nie vatbaar vir teoretiese begripsvorming nie en

50 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 546. Kyk ook Dooyeweerd, *Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtswetenschap en de Rechtsgeschiedenis*. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn (1962), p. 17 e.v.

51 J. van der Hoeven, *The Rise and Development of the Phenomenological Movement*. Hamilton: The Association for Reformed Scientific Studies (1951).

kan slegs benader word in die transendentale rigting, in 'n idee. Die ware blik op die menslike subjek kan ook slegs verkry word langs die weg van 'n ware transendentale refleksie wat, hoewel dit binne die grense van die teoretiese denke beweeg, heenwys na die dieper eenheid van alle menslike ervaring. Dooyeweerd ontken nie dat die fenomenologie 'n transendentale filosofie ontwikkel nie. Die konkrete vlak van ervaring word veronderstel te wees die transendentale vlak wat aan die teoretiese denke sin verleen. Dooyeweerd is egter van mening dat die fenomenologie die ware transendentale rigting mis. Die fenomenologie kan, volgens hom, slegs daarin slaag indien dit deur die konkrete vlak van ervaring kan breek. Dié moontlikheid is egter uitgesluit vir sover dit gebonde is aan die dogma van neutrale denke. Dit word gedwing om 'n immanente bron van sin (in die rasonale fenomenologie, die *eidos*) tot diepste bron van sin te verhef. Dit bly egter in onvermoë om die sinkern van 'n aspek in 'n teoretiese begrip te vat omdat die sinkerne na hul sinsaard die transendentale raamwerk vorm waarbinne teoretiese denke moontlik is. Synde die vooronderstelling van die teoretiese denke kan dit nie volledig deur die teoretiese denke gegryp word nie.

2.2.3 Dooyeweerd en die transendentale denkkritiek

Dooyeweerd se metode is uitgesproke *transendentaal*. Volgens sy eie standpunt was sy kritiek van die nie-Christelike filosofieë te veel *transendent* van inslag. Dooyeweerd gee vervolgens beslag aan 'n transendentale kritiek, 'n ondersoek na die universeel geldige voorwaardes ingevolge waarvan teoretiese denke moontlik is en wat deur die struktuur van dié denke self moontlik gemaak word. Tussen die publikasie van *De Wijsbegeerte der Wetsidee* (1935) en sy *A New Critique of Theoretical Thought* (1953-1958) beweeg Dooyeweerd tot 'n kritiek van die teoretiese denke as sodanig – 'n voortgang in sy denke wat in die titel van laasgenoemde werk tot uitdrukking kom. 'n Ware transendentale kritiek moet die teoretiese denkwysse as sodanig ondersoek.⁵² Die aard van sodanige kritiek word deur Dooyeweerd soos volg aangedui: "By this we understand a critical inquiry into the universally valid conditions which alone make theoretical thought possible, and which are required by the immanent structure of this thought itself."⁵³ Daarmee bedoel Dooyeweerd dat die sogenaamde teoretiese aksioma 'n bevoorregte posisie beklee wat dit van sodanige

52 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 35.

53 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 37.

kritiese ondersoek uitsluit. Dooyeweerd beoog nie om die waarheid van die Christelike lewensoriëntering te bewys of dat Christelike vooronderstelling aanvaar moet word nie. Voorts bekritiseer hy nie die metodes en resultate van filosofiese denke in terme van die leerstelling van die Christelike geloof nie. Sodanige kritiek, wat Dooyeweerd “transendente kritiek” noem, is van beperkte waarde omdat dit nie die intrinsieke verbinding tussen die teoretiese denkhouding en die Christelike geloof blootlê nie. Dooyeweerd se metode behels dus die ontmoeting van opponerende filosofiese uitgangspunte, probleme en resultate op hul eie standpunte, dit konfronteer hul met onafwendbare stande van sake met betrekking tot hul eie metodes van filosofering, bring hul tot beskouing van hul eie religieuse vooronderstellings en konfronteer hul met die aanspraak dat sodanige vooronderstellings slegs in terme van die Christelike geloof begryp kan word.

Die ware kritiek van die teoretiese denke is, volgens Dooyeweerd, slegs moontlik vanweë die radikale geneigdheid van die denke self op die oorsprong van alle sin – die konsentriese rigting van teoretiese denke self. In die teoretiese denkhouding kom die logiese aspek van die denke teenoor die nie-logiese aspekte van die menslike ervaring in ’n antitetiese, intensionele relasie te staan, waarin die betrokke aspek in ’n teoretiese begrip bevat word. Dit is belangrik om te let op die presiese terme waarin Dooyeweerd sy idee van die antitetiese aard van die teoretiese denke uitdruk: Dit is nie die denkkakte wat teenoor die nie-logiese aspek van die werklikheid gestel word nie. Volgens Dooyeweerd behels die denkkakte self ’n egte, konkrete akte wat al die modale aspekte betrek. In die teoretiese denkhouding is dit die logiese aspek van dié denkkakte wat teenoor die nie-logiese aspek te staan kom. Die antitetiese relasie figureer nie struktureel in die werklikheid as ’n feitelike stand van sake, oftewel – in Dooyeweerd se terminologie – “onties” nie. Dít is die foutiewe veronderstelling van die meerderheid filosofe wat ’n primêre onderskeid tussen denke en syn, ego en wêreld, ensovoorts postuleer asof dit fundamentele teenoorstaandes is wat in die struktuur van die werklikheid gesetel is. Volgens Dooyeweerd is die antitetiese verhouding nie onties nie; dit is eerder die resultaat van die aktiewe teenoorstelling van die logiese aspek van die denkhandeling en die nie-logiese aspek van die menslike ervaring – dit is wat Dooyeweerd bedoel met die term “intensionele” relasie wat dit van ’n ontiese relasie onderskei. Die woord “intensioneel” word in die fenomenologie op analogiese wyse gebruik. Dit verwys na die idee dat in die kenhandeling daar nie ’n passiewe

resepsie van die sintuiglike indrukke bestaan nie, maar 'n aktiewe uitgang na die objek is. Die fenomenologie, egter, stel dié aktiewe intensionele handeling as die oorspronklike houding in kontras tot die natuurlike denkhouding waarin die mens tot die subjek-objekrelasie gebind word. Volgens Dooyeweerd is die teenstelling van 'n vlak van intensionele handeling en die geobjektiveerde vlak van die subjek en objek 'n produk van die teoretiese denke en behels dit die antitese wat inherent is aan die teoretiese denkhouding. Volgens Dooyeweerd ontstaan die teoretiese antitese vanweë die nie-logiese aard oor dit waarteenoor die logiese denkaspek gestel word. Teoretiese denke streef daarna om 'n begrip te verwerf van die veld van ondersoek; maar by konstruksie van begrippe werk dit met die analogiese begrippe wat rondom die sinkern van 'n aspek versamel. Dit kan egter geen voldoende logiese begrip van die sinkern self vorm nie. Die sinkern kan slegs ontsluit word in die oorspronklike sin daarvan, naamlik dit wat al die begrippe binne die sfeer daarvan kwalifiseer. Die modale aspekte vorm die transendentale raamwerk waarbinne denke as sodanig moontlik is. In die denkhandeling word die denke self in 'n transendentale rigting gestuur. Volgens Dooyeweerd behels dié relasie 'n eenheid in 'n veelvuldigheid van momente, wat die struktuur van die betrokke aspek gryp, maar beperk word deur die sinkern wat aan elke aspek 'n eiesoortige kwalifikasie verleen. Sentraal tot Dooyeweerd se metode is die idee dat die betekenisvolheid van die modale sinkern nie in 'n teoretiese begrip nie, maar slegs transendentiaal in 'n teoretiese idee geneem kan word. Volgens Dooyeweerd kan die modale sin van 'n aspek nie verlogiseer word nie.⁵⁴ Dit kan nie in 'n teoretiese begrip gevat word nie, maar slegs in die idee benader word. Slegs in die transendentale rigting, in die idee, is dit wel moontlik om oor die samehang, diepere eenheid en oorsprong van die modale aspekte te besin. Van kosmiese tyd, in die transmodale kontinuïteit daarvan, verklaar Dooyeweerd dat teoretiese denke slegs 'n transendentiaal beperkende begrip kan vorm, 'n idee wat teoreties oop moet bly omdat dit niks meer is as 'n benadering tot en 'n heenwysing na die transmodale tydhorison binne die modale grense van die logiese, 'n kritiese oriëntasie van die voortgang van die denkbeweging na die kosmiese tydsgrens wat nie omskryf kan word op 'n teoreties-logies wyse nie.⁵⁵ 'n Transendentale idee gee onafwendbaar leiding aan

54 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 485. Kyk ook pp. 506, 508.

55 Dooyeweerd, "Het tijdsprobleem en zijn antinomieën op het immanentiestandpunt", *Philosophia Reformata*, IV (1939), pp. 6-7.

die ondersoek in die spesiale wetenskappe. Wat die regs wetenskap betref, is Dooyeweerd van mening dat die regs begrip afhanklik is van die regs idee ensovoorts.⁵⁶ In Dooyeweerd se denke is die teoretiese idee nie selfgenoegsaam nie – ’n fout wat deur die idealisme begaan is. Die teoretiese idee en daarmee saam die transendentale denkrigting is afhanklik vir hul inhoud van ’n supra-teoretiese posisie vis-à-vis die absolute oorsprong van alle dinge. Hoewel Kant beoog het om in ’n transendentale rigting voort te beweeg, was sy metode egter nie transendentaal genoeg nie.

In die kern van Dooyeweerd se epistemologie figureer die oortuiging dat dit op ’n ontologiese basis berus en dat dié transendentale, konsentriese rigting van denke gewortel is in die rusteloosheid van die geskape kosmos self vir sover dit heenwys buite homself. Dié rusteloosheid en onselfgenoegsaamheid van die geskape kosmos dien as verwysingspunt van Dooyeweerd se standpunt dat die kosmos sin is. Sin is die syn van alles wat bestaan. Die transendentale rigting is ’n rigting in die werklikheid self, wat die geskape struktuur van die kosmos as sin na vore bring en die radikale gebrek aan selfgenoegsaamheid in relasie tot die oorsprong daarvan tot uitdrukking bring. Die transendentale denkrigting is afhanklik van die kosmiese tyd omdat die kosmos in sy onselfgenoegsaamheid heenwys na die Absolute Oorsprong buite sigself. Sedert Dooyeweerd sy filosofiese rigting geformuleer het, handhaaf hy die standpunt dat sin die syn is van alles wat bestaan. In die betekenis karakter daarvan wys alles in die kosmos heen na alle ander dinge en dan na die absolute oorsprong daarvan in die soewereine wil van God as Skepper. Sedert die vroegste formulering van Dooyeweerd se filosofie stel hy hom op die transendentale metode. Reeds in die prolegomena tot sy *De Wijsbegeerte der Wetsidee* (1935), beskryf hy sy transendentale standpunt inname soos volg: “De zin is het zijn van alle creatuurlijk zijnde, de zijnswijze ook van onze zelfheid, en is van religieuzen wortel en van goddelijken oorsprong.”⁵⁷ In die Engelse vertaling lui dit: “Meaning is the being of all that has been created and the nature even of our selfhood. It has a religious root and a divine origin.”⁵⁸

Die idee dat die werklikheid sin is, staan sentraal tot Dooyeweerd se

56 Dooyeweerd, *Encyclopaedie der Rechtswetenschap*. Vol. I. Amsterdam: Drukkerij D.A.V.I.D. (G.d.), p. 13.

57 Dooyeweerd, *De Wijsbegeerte der Wetsidee*. Vols. 1-3. Amsterdam: H.J. Paris (1935-1936), Vol. 1, p. 6.

58 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 14.

poging om radikaal krities te wees – selfs meer as Kant. Hy verwerp metafisika en die gepaardgaande fundamentele identiteit van denke en syn. Volgens Dooyeweerd is daar geen vertrekpunt vanuit die denke self nie. Die verabsoluttering van enige produkte van denke moet ten alle koste vermy word. Die begrippe van die teoretiese denke vereis 'n voortdurende verheldering van sin. Dooyeweerd maak daarop aanspraak dat hy in hierdie verband radikaal van die fenomenologie verskil. In sy *A New Critique of Theoretical Thought*, Vol. II, stel hy sy uitgangspunt soos volg: "Suppose the Idea phenomenologically conceived of as the *eidōs* ... of a modal aspect could be *fully realized* in theoretical insight, as the result of an adequate intuition of its essence, then this insight would have to grasp the fullness and the totality of meaning adequately. It should not only *intend* this fullness and totality in the transcendental direction of time; a mere referring to it as to the transcendental root of all temporal meaning, would not suffice. It should *possess* this fullness as an immanent datum of phenomenological consciousness. But as soon as this condition had been fulfilled, the modal meaning, as such, would have been cancelled. For this condition can only be realized in the transcendental identity of all temporal modal meaning."⁵⁹ Die volheid van sin, die bron van sin wat alle sin transendeer, kan nie metafisies in die teoretiese begrip gevat word of intuïtief in 'n fenomenologiese *Wesensschau* gegryp word nie maar slegs by benadering in die transendentale denkrigting in die teoretiese idee.

Dooyeweerd beskou die onderskeid tussen die teoretiese begrip en die teoretiese idee as die raamwerk waarbinne die metodes van die wysbegeerte en die onderskeie vakwetenskappe na vore kom. Die besondere wetenskappe, soos wiskunde, biologie, ekonomie en etiek, handel met wisselende fenomene binne hul onderskeie velde. Ten einde dit te kan doen, is dit nodig om 'n duidelik-gedefinieerde begrip van hul betrokke velde in onderskeid van andere te verkry. Ten einde die onderskeie aspekte begripmatig te onderskei, word 'n basis van vergelyking ('n grondnoemer) vereis. Indien so 'n kontakpunt nie bestaan het nie, sou dit volkome onvergelykbaar wees en sou dit onmoontlik wees om te bepaal in welke opsigte hul verskil. Dooyeweerd verklaar dat die immanensie-filosof wat sy vertrekpunt in die antitetiese relasie van die teoretiese denke neem, gedwing word om dié grondnoemer in 'n verabsoluteerde aspek te vind. Die begrip van die aspek word uitgebrei en word benut as 'n idee van

⁵⁹ Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 486.

die oorsprong, die dieper eenheid en die betekenissamehang van die ander werlikheidsaspekte. Dit is dus moontlik, by wyse van voorbeeld, vir die psigologie om psigologiesies die werklikheid te betrag en byvoorbeeld die reg as synde wesenlik psigies van aard te beskou. Die implikasie van so 'n verabsolutering is dat positiewe reg tot enigste bron in die sin vir geregtigheid in die menslike samelewing verhef word. In die regs wetenskap is pogings aangewend om die reg te reduseer tot 'n produk van die nasionale gees. Sodanige beskouings behels egter 'n wesenlike reduksionisme ingevolge waarvan die onderskeie aspekte van die werklikheid tot 'n enkele verabsoluteerde aspek herlei word en gevolglik die soewereiniteit in eie kring van sodanige aspekte vernietig en hul onderskeie strukture verwing word.

Volgens Dooyeweerd dien dit geen doel om die genetiese⁶⁰ rigting te vermy en blootweg die onderskeie modale aspekte volgens die patroon van genus en spesie te klassifiseer nie. Volgens dié metode word die onderskeie aspekte bloot onder 'n formele generiese begrip gerangskik, 'n *genus proximum*. Gevolglik word die onderskeie aspekte ingevolge hul spesifieke verskille georden. Met verwysing na die regs wetenskap word onder die generiese begrip "aksienorm" 'n onderskeid getref tussen die morele norm wat veronderstel word om innerlike gesindhede te beheers en regs- en sosiale norme wat veronderstel word eksterne handeling te reël. Onder die begrip van die regulering van eksterne handeling, word die regsnorm dan onderskei van die sosiale norm as synde nie-verplichtend.⁶¹ Die toepassing van so 'n klassifikasie laat buite rekening dat terme soos

-
- 60 Dit behels die rigting in denke tot 'n oorsprong. Dit kan geskied hetsy in 'n vals rigting – soos blyk uit die talle "ismes" soos psigologisme, biologisme en historisme. Hier word nie bedoel 'n gemeenskaplike gebruik van die term "geneties" wat verwys na 'n metode van kousale, meganiese verklaring in terme van geïsoleerde kousale faktore nie. In laasgenoemde sin word 'n genetiese metode dikwels gekontrasteer met 'n metode van empatiese verstaan (verstaan), 'n sfeer van sin. Laasgenoemde onderskeid is vreemd aan Dooyeweerd se standpunt.
- 61 Die metode van klassifikasie ingevolge genus proximum en differentie specifica, wat volgens Dooyeweerd toepaslik is binne 'n terrein van ondersoek wat gekwalifiseer is deur die sinkern van 'n ervaringsaspek, verwerp hy as 'n middel om tussen modale aspekte te onderskei. In die biologiese wetenskappe is daar 'n legitieme metode van klassifikasie in genus en spesies. Dié metode is egter onbruikbaar om by begripsvorming die verskil tussen die biotiese en psigiese ervaringsaspekte te beskryf. Dit hou verband met die transendentale status van die modale aspekte. H.J. van Eikema Hommes wys daarop dat elke modale aspek volgens Dooyeweerd oor 'n transendentale status beskik. (H.J. van Eikema Hommes, Een nuwe herleving van het natuurrecht. Zwolle: Tjeenk Willink (1961), pp. 228, 224, 227, 210, 239).

“dwang” dubbelsinnig is vanweë die analogiese karakter daarvan.⁶² Daar moet onderskei word tussen sosiale dwang, ekonomiese dwang, geloofsdwang ensovoorts, in onderskeid van regs dwang. Bygevolg kan dwang nie tot die regsfeer beperk word en die sosiale ontsê word nie. Die oorspronklike betekenis van dwang is geleë in die aspek van energetiese effek, maar dit figureer analogies in al die ander aspekte van die werklikheid. In die analogiese betekenis daarvan moet dit gekwalifiseer word deur die sinkern van die aspek waarin dit funksioneer. By afwesigheid van dié kwalifikasie bly dit dubbelsinnig. Die onderskeid van die onderskeie aspekte deur middel van die metode *genus proximum* en *differentia specifica* het tot gevolg dat die universaliteit in eie kring van elke aspek van die werklikheid ontken word en dat begrippe gebruik word waarvan die betekenis dubbelsinnig is en wat dus tot verwarrende begripvorming in die partikuliere wetenskappe lei. In sy monografie oor analogiese begrippe verklaar Dooyeweerd dat die opvatting dat daar in die onderskeie vertakkinge van die wetenskap geen ondubbelsinnige gebruik van die fundamentele begrippe bestaan nie, foutief is. Dié begrippe vertoon juis ’n dubbelsinnige of analogiese karakter wat nie bloot vanweë die ongelukkige gebruik van woorde voorkom nie. Pogings om die modale sin van die aspekte aan teoretiese analise te onderwerp, bring die sterk analogiese struktuur daarvan aan die lig omdat elke ervaringsaspek binne die modale struktuur daarvan die hele tydelike orde en samehang van al die aspekte weerspieël. Slegs die sentrale moment (kernmoment) van die modale struktuur daarvan – wat ons die sinkern van die aspekte noem – vertoon ’n oorspronklike en ondubbelsinnige karakter. Dit kan egter die onherleibare sinkern van die aspek slegs vertoon in verband met ’n reeks van analogiese sinmomente wat, enersyds terugverwys na die sinkerne van al die voorafgaande aspekte en, andersyds, vooruitwys na al die sinkerne van die latere modale aspekte.⁶³ Die analogiese begrippe van die onderskeie spesiale wetenskappe staan met hierdie analogiese momente in die modale struktuur van die onderskeie aspekte verband. Dit bring die innerlike interafhanklikheid van die onderskeie wetenskapsterreine na vore, maar dit kan nie die modale sinsdiversiteit buite rekening laat nie. Hul ontvang hul modale

62 Die analogiese begrip is veelsinnig. Dit vereis die kwalifikasie van ’n spesifieke sinkern. Dus is die term “gevoel” as ’n analogiese begrip betekenissonbepaald; dit vereis ’n kwalifikasie tot “estetiese gevoel”, “morele gevoel”, ensovoorts.

63 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 55.

kwalifikasie van die onherleibare sinskern van die ervaringsaspek wat die algemene kenmerk van die betrokke wetenskapsveld bepaal. Sodanige stand van sake kom intuïtief tot uitdrukking in die bepaalde terminologie van die spesiale wetenskappe.⁶⁴ Ten einde te verhoed dat misverstand ontstaan, word die terme wat na analogiese begrippe verwys deur 'n voorvoegsel, wat die algemene modale aard van die partikuliere wetenskapsterrein van ondersoek aandui, gekwalifiseer.

Uit die voorgaande is dit moontlik om te bepaal wat Dooyeweerd bedoel met sy opmerking dat die vorming van begrippe deur die spesiale wetenskappe geskied onder leiding van 'n teoretiese idee. Dié idee, wat Dooyeweerd 'n wetsidee noem, is drievoudig. Dit is 'n idee van die wedersydse verhouding en verbintenis van die onderskeie aspekte van die werklikheid, 'n idee van wat Dooyeweerd die dieper worteleenheid van hierdie aspekte noem, sowel as 'n idee van hul diepste oorsprong.⁶⁵ Die teoretiese ondersoek op enige wetenskapsterrein lei noodwendig tot transendentale vraagstellings. Dit word begelei deur 'n idee van 'n drievoudige aard: wat behels die samehang, diepere eenheid en oorsprong van die kosmos. Dié drieledige idee beheers elke wysgerige sisteem en word deur Dooyeweerd 'n wetsidee genoem. Hy noem sy filosofiese sisteem die Wysbegeerte van die Wetsidee.⁶⁶ Dooyeweerd se identifisering van 'n drievoudige idee is nie oorspronklik nie en dit kom voor by Immanuel Kant se triade van idees: God, siel en werklikheid – drieledige idees wat korrespondeer met Dooyeweerd se drievoudige idee. Volgens Kant beskik dié idees oor geen konstitutiewe waarde vir teoretiese ondersoek nie maar slegs oor die status van heuristiese of begrensende begrippe.⁶⁷ By Dooyeweerd daarenteen, oorheers die triade van idees in die wetsidee die vorming van begrippe in die filosofie en die spesiale wetenskappe. Die idees kom in sig na mate die denke in 'n transendentale rigting keer.⁶⁸ Op sigself is hul vir hul sin afhanklik van 'n bron wat die immanente rigting van filosofiese denke bepaal. Elke filosoof word – bewustelik of onbewustelik – noodwendig deur 'n drievoudige transendentale idee gelei.⁶⁹

64 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, pp. 55-72, 76.

65 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, pp. 101, 105; II, pp. 30, 31.

66 H. de Jongste het dié wysgerige sisteem die Wysbegeerte van die kosmonomiese idee genoem.

67 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 27.

68 *Kyk Dooyeweerd, A New Critique*, Vol. II, pp. 30, 31.

69 *Kyk Dooyeweerd, A New Critique*, Vol. I, p. 69.

Die Reformatoriese wetsidee by Dooyeweerd vind sy absolute oorsprong in die soewereine skepperswil van God wat die soewereiniteit binne die onderskeie sfere van die onderskeie aspekte van die werklikheid waarborg. Voorts onthul dit die dieper eenheid van die aspekte in die transendentale rigting, in die menslike hart, wat los van die konsentrasie van alle tydelike lewe buite die ware of vermeende oorsprong, 'n niksheid is.⁷⁰ Laastens, lê dit die samehang in die diversiteit van die onderskeie aspekte van die werklikheid bloot, sowel in hul soewereiniteit as in hul universaliteit in eie kring.

Vir Dooyeweerd is die transendentale denkrigting onskiedbaar verbind met die refleksie op die menslike selfheid of hart. Deur die transendentale idee oefen die transendentale posisiekeuse by die menslike hart invloed uit op die immanente rigting van die filosofiese denke en op die ondersoek van die spesiale wetenskappe met verwysing na die absolute oorsprong van alle dinge.

Dit is belangrik om daarop te let dat die transendentale metode die brug slaan tussen die immanente rigting van teoretiese denke en die transendente religieuse houding, die fundamentele denkingesteldheid wat die menslike lewe beheers. Gevolglik is dit volkome teenstrydig met Dooyeweerd se bedoeling dat die transendentale metode van die transendente bron van sin geïsoleer kan word of onafhanklik van die transendente bron van sin kan fungeer. Die radikale denkkritiek bring die interne struktuur en aard van die teoretiese denkhouding aan die lig en daarmee ook die onselfgenoegsaamheid van die teoretiese denke as sulks, die noodwendige afhanklikheid van die sentrale en supra-teoretiese dinamis van die religieuse grondmotief. Dit is vrugteloos om te poog om aan die transendentale denkkritiek te ontsnap deur 'n appèl op die algemeen geldige struktuur van die menslike ervaring en van die menslike teoretiese denke te loods. Dié struktuur is dieselfde vir alle mense, maar dit is georiënteer aan die fokuspunt van die teoretiese aktiwiteit van denke waarsonder die struktuur nie geaktualiseer kan word nie, 'n fokuspunt wat dit nie self tot stand kan bring nie. Op hierdie punt kom die transendentale kritiek as sodanig in die greep van die sentrale fundamentele motief wat die teoretiese ondersoek rig. Solank dit sigself tot die formulering van die transendentale probleem wat deur die intensionele struktuur van die teoretiese denkhouding afgedwing word bepaal, skyn die transendentale kritiek uit die immanensiestandpunt, te spruit. Die

70 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, pp. 30, 31.

Wysbegeerte van die Wetsidee appelleer op die algemeen geldige stande van sake by die ondersoek van die intensionele struktuur van die teoretiese denkhouding. Terselfdertyd is dit duidelik dat sodanige stande van sake noodwendig verborge is vir die teoretiese visie van die ondersoeker solank as die teoretiese denkhouding self nie tot kritiese probleem gemaak word nie. Transendentale problematiek is bygevolg vanaf die staanspoor beheers deur die supra-teoretiese vooronderstellings wat blootgelê word slegs in die finale fase van die transendentale kritiek. Andersyds verberg die immanensiefilosofie sy noodsaaklike vooronderstellings agter die dogma van die outonomie van die teoretiese denke. Tog is die problematiek in fundamentele opsig bepaal deur 'n sentrale, supra-teoretiese vertrekpunt.⁷¹ Die transendentale metode is dus uit die staanspoor religieus bepaald hoewel die vooronderstellings slegs in die gang van die teoretiese ondersoek self aan die lig kom. Dooyeweerd neem dus die standpunt in dat die immanente gang van die teoretiese ondersoek nooit neutraal kan wees nie; dit is deurgaans bepaald deur 'n kosmonomiese idee, selfs indien die forser nie daarvan bewus is nie.⁷² Dooyeweerd is voorts van mening dat die forser selfs meer volkome onder beheer van so 'n idee verkeer indien hy nie daarvan bewus is en nie teoretiese rekenskap daarvan gee nie.

Dooyeweerd beskryf die verhouding van die begrippe tot die idee soos volg: "The *theoretical idea* is always a philosophic (wijsgerig) idea of the *totality and unity* of the aspects which have been articulated in the antithetic (Gegenstand) relation. Contrariwise, the theoretical *concept* as such is oriented to the theoretical *distinguishing* of the separate aspects. The theoretical idea is not able to eliminate this conceptual distinguishing; it simply relates the latter to the connection, the root unity, and the origin of the distinguished aspects. And theoretical distinction is only possible upon the foundation of such a theoretical idea. For without an idea of the whole, concept of the parts is not possible. Thus, while, maintaining the antithetic relation, the theoretical idea relates the theoretical concept to the presuppositions of all theoretical thought but itself remains theoretical in character, remaining thus within the limits of philosophical thought. Precisely in this resides what we have called its transcendental character."⁷³ Filosofiese denke, aan

71 Dooyeweerd, A New Critique, Vol. I, p. 61.

72 Dooyeweerd, A New Critique, Vol. II, pp. 30, 31.

73 H. Dooyeweerd, Inleiding tot de Encyclopaedie der Rechtswetenschap, p. 39.

die ander kant, wat sy vertrekpunt binne die teoretiese denkhouding neem, is uit hoofde van die antitetiese relasie gedwing om sommige aspekte van die werklikheid tot oorsprong te verhef en gevolglik die ware transendentale weg van denke mis te loop en die samehang van die onderskeie aspekte van die werklikheid, soos dit in die naïewe ervaring gegee is, te verwing.⁷⁴ Die verabsoluttering van een aspek van die werklikheid ontlok 'n weerstand van die ander, volgens Dooyeweerd, wat tot onoplosbare denkantonomieë lei.⁷⁵

2.2.4 Dooyeweerd en die dialektiese metode

Dooyeweerd gebruik die term “dialekties” om te verwys na 'n opposisie (oftewel “polariteit”). Hy verwys byvoorbeeld na die teoretiese dialektiek omdat die logiese aspek in die teoretiese denke teenoor die nie-logiese aspekte van die menslike ervaring gestel word. Hierdie antitese word in die teoretiese sintese oorbrug. In Dooyeweerd se denke is dialektiek die polêre teenstelling van twee sinmomente naamlik 'n verhouding ingevolge waarvan twee kosmiese sinmomente teenoor mekaar gestel word. Teoretiese dialektiek is die polêre teenstelling van twee sinmomente in 'n antitetiese relasie wat vereis dat hulle tot sintese gebring word. Teoretiese analise vereis teoretiese sintese. Dié sintese is slegs moontlik indien daar geen oorskryding van die grense van die wetsorde van die werklikheid plaasvind nie. In geval van so 'n oorskryding, tree weerstand na vore wat nie opgelos kan word op 'n teoretiese wyse nie. Dit beskik oor 'n meer fundamentele religieuse aard.⁷⁶ Religieuse dialektiek is dus die polêre teenoorstelling van twee sinmomente in 'n antitetiese verhouding waar dit onmoontlik is om die teenoorstaande pole tot versoening te bring vanweë die weerstand wat uit 'n valse posisiekeuse vis-à-vis die oorsprong spruit. Gevolglik dryf die opponerende sinmomente die menslike lewe religieus in teenoorstaande rigtings. Sodanige religieuse dialektiek kan slegs oorkom word deur die korrekte religieuse posisie in te neem. Dooyeweerd se standpunt oor die dialektiek verskil van dié van die humanisme soos dit byvoorbeeld in die filosofie van Hegel na vore tree.⁷⁷ Laasgenoemde het nie by die Kantiaanse posisie gebly nie. By laasgenoemde was die antinomie 'n teken dat die legitieme

74 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, 34.

75 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 19.

76 Kyk Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 521.

77 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 208 e.v.

grense van die denke oorskry is en het as gevaarteken gedien dat vanaf spekulاسie na die domein van verstaan beweeg moes word. Hegel het die terrein van die rede vergroot om ook die dialektiese logika – insluitend antinomie – in te sluit en wat deur teenoorstaande sinmomente (tese-antitese) na sintese beweeg en wat beide behou en hul tot 'n hoër eenheid saamvoeg. Antinomie word bygevolg die instrument van die selfontplooiing van die spekulatiewe rede. Dit is vir die dialektiese beweging onontbeerlik dat dit op immanente wyse voortgaan, naamlik dat die beweging van tese na antitese en sintese voortgaan nie vanweë eksterne dwang nie, maar vanweë die noodsaak wat uit die momente self spruit. Volgens Hegel se dialektiese denke is die noodsaak op grond waarvan die tese na die antitese beweeg en dan tot sintese kom, 'n uitdrukking van rasonele outonomie omdat dit oor sy eie wetmatigheid beskik. Vir Dooyeweerd sowel as vir Hegel roep die verabsoluttering van 'n sinmoment die reaksie van 'n ander sinmoment na vore maar vir totaal verskillende redes.⁷⁸ Vir Dooyeweerd is die antinomie nie kenmerkend van die teoretiese denke nie dit is 'n teken dat die teoretiese denke die spoor byster geraak het en verstrengel geraak het in 'n dialektiek wat ten diepste spruit uit 'n valse religieuse posisiekeuse. Die “noodsaak” wat betrokke is in die reaksie van die een moment tot die verabsoluttering van 'n ander, is nie 'n refleksie van rasonele outonomie nie. Dus verskil Dooyeweerd se opvatting van dialektiek van dié van die humanistiese dialektiese denke.⁷⁹ By Dooyeweerd is die opvatting van “polariteit” die mees prominente. Vir Hegel, aan die ander kant, is die idee van innerlike noodsaak in teenstelling tot eksterne noodsaak 'n refleksie van die humanistiese persoonlikheidsideaal met die idees van rasonele outonomie en vryheid. Hegel se posisie behels nie die verwerping van die humanistiese vertroue in die menslike rede nie; intendeel, teenstrydige denke word benut in die diens van die humanistiese ideaal van outonome rasionaliteit. Hegel maak voorts geen onderskeid tussen religieuse en teoretiese dialektiek nie omdat beide in sy filosofie versmelt.⁸⁰ Andersyds: Immanensie-filosofie wat binne die raamwerk van die teoretiese denke self 'n aanvang neem, verval in antinomieë. Volgens Dooyeweerd is antinomie nie bloot 'n teenstrydigheid wat deur middel van verdere logiese opheldering oorkom kan word nie.⁸¹

78 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 41 e.v.

79 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. II, p. 41 e.v.

80 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, pp. 146, 208 e.v.

81 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 521.

Dit is 'n teenstrydigheid slegs met verwysing na die logiese aspek. Verskillend van die bloot logiese teenstrydigheid, het die antinomie 'n intermodale karakter en berus op die pogings tot sintese wat uit die valse posisiekeuse van die hart met betrekking tot die absolute oorsprong spruit. Dit is 'n aanduiding dat die grense van betekenis van die modale aspekte oorskry is en dat pogings aangewend word om die een tot die ander te herlei. Antinomie beskik fundamenteel oor 'n bowe-teoretiese oorsprong en kan derhalwe nie oorkom word deur suiwer teoretiese middele nie. Dit behels 'n religieuse antitese of dialektiek, met ander woorde, een wat nie deur teoretiese sintese oorbrug kan word nie.⁸² Vir Dooyeweerd beskik antinomie in teenstelling tot kontradiksie oor 'n intermodale karakter. Verskillend van kontradiksie, wat logies van aard is, kom antinomie nie voor binne die grense van 'n enkele modale aspek van die werklikheid nie. Volgens Dooyeweerd is antinomie, verskillend van kontradiksie, van 'n intermodale aard. Anders as kontradiksie, wat logies van aard is, kom antinomie nie binne die grense van 'n enkele modale aspek van die werklikheid voor nie.⁸³ Dit ontstaan vanweë die oorskryding van grense tussen twee of meer modaliteite en spruit uit die skending van die soewereiniteit in eie kring van die aspekte. Aangesien die voorkoms van antinomie 'n teken is dat daar 'n grensskending bestaan, kan die uitsluiting van antinomie van diens wees by die onderskeid tussen die aspekte. Die gebruik van antinomie vorm, daarom, 'n faset van Dooyeweerd se metode. Dit is egter nie 'n onafhanklike metode wat afgeskeie van die religieuse wortel van die denke bestaan nie. Dooyeweerd is van mening dat die idee van die sistatiese eenheid van die kosmos gegrond is op die religieuse oortuiging dat God die Skepper is en dat Hy sy goedkeuring oor die skepping uitgespreek het. Dié goddelike instemming behels dat die wetsorde van die skepping 'n integrale eenheid vorm. Vanweë die intermodale samehang kan antinomie nie bloot 'n simplistiese kontradiksie behels nie. Na sy logiese aspek is antinomie 'n kontradiksie; maar as antinomie transendeer dit die perke van blote logiese teenstrydigheid, wat vatbaar is vir verdere logiese opheldering.⁸⁴

Volgens Dooyeweerd is die individuele menslike selfheid nie die Archimedespunt van die wysbegeerte nie. Die menslike selfheid het

82 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 521.

83 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, p. 30 e.v., 39, 73, 74.

84 Dooyeweerd, *A New Critique*, Vol. I, pp. 19 e.v., 37, 42, 44, 45, 47, 48, 49.

deel – afhange van daarvan of dit op die ware of ’n valse oorsprong gerig is – aan ’n bowe-individuele spirituele gemeenskap wat deur die ware of ’n afvallige religieuse motief beheers word. Slegs die Christelike motief is integraal van aard. Die afvallige motiewe – die motief van vorm en materie wat die Griekse denke beheers het, en die motief van natuur en vryheid wat die humanistiese Westerse kultuur beheers het – is dialekties en is in werklikheid saamgestel uit twee religieuse motiewe wat in onversoerbare konflik tot mekaar staan.

Die onafwendbare verskille in religieuse uitgangspunte wat Dooyeweerd se transendentale kritiek van Husserl se fenomenologiese metode onderskei, word deur Jacob Klapwijk se beskrywing van Dooyeweerd se filosofiese sisteem verwoord, synde ’n sisteem wat “... refuses to consider theory dogmatically as a closed system, based only on logical laws and empirical data. It tries to open a thinker’s eyes to pretheoretical presuppositions and motivations. According to Dooyeweerd’s critique these pretheoretical presuppositions seem to be religious. That is to say, the main tensions and contradictions in a theory or between theories, are caused not only by deficient human observation or analysis, but by different *religious* options. The collisions between different theoretical positions and philosophical schools can never be made fully understandable on a purely theoretical level. They can only be elucidated thanks to an immanent-theoretical critique, which is at the same time transcendently directed to their deepest religious motives.”⁸⁵

3. Samevatting en konklusie

Hoewel Dooyeweerd se transendentale metode breedweg “fenomenologiese” kenmerke vertoon en hy self erken dat hy in ’n stadium sterk deur die fenomenologiese beweging beïnvloed is, onderskryf hy nie ’n breë fenomenologiese metode nie, omdat die algemene fenomenologiese metode wat deur die fenomenologiese beweging onderskryf word, op die grondslag van ’n gepretendeerde neutrale denkhouding die teoretiese denke verabsoluteer het. As sodanig het die fenomenologiese skool dus in hul pogings gefaal om ’n ware transendentale denkrigting te handhaaf en die werklikheidsamehang te verreken – pogings wat slegs in ’n transendentale rigting verwesenlikbaar is.

85 B. Zijlstra, “Introduction”. In: L. Kalsbeek, *Contours of a Christian Philosophy*. Toronto: Wedge (1975), pp. 14-33, op p. 31.

Filosofiese denke wat sy vertrekpunt in die teoretiese denkhouding neem, word op grond van die antitetiese verhouding gedwing om 'n bepaalde aspek van die werklikheid tot oorsprong van alle sin te verhef. Daarmee word die ware transendentale denkgang misgeloop en die samehang van die verskillende werklikheidsaspekte, soos dit in die naïewe ervaring gegee is, verwring. Die verabsoluttering van 'n bepaalde aspek van die werklikheid ontlok die weerstand van die ander aspekte en dit lei noodwendigerwys tot onoorkombare denkantonomieë.

Dooyeweerd se filosofiese metode open belangrike insigte in die ware aard van dialektiek en antinomie. Antinomie is nie bloot 'n teenspraak wat opgehef kan word deur middel van verdere logiese opheldering nie. Dit is 'n teenspraak slegs met verwysing na die logiese aspek daarvan. In kontras tot die bloot logiese teenspraak is antinomie van 'n intermodale aard en berus op die valse pogings tot sintese wat opkom uit die menslike hartskeuse met betrekking tot die absolute oorsprong van alle dinge. Dit is 'n aanduiding dat die singrense van modale aspekte oorskry is en dat gepoog word om een aspek tot 'n ander te reduseer. Antinomie is dus in fundamentele sin van bowe-teoretiese oorsprong en kan dus nie bloot oorkom word op bloot teoretiese gronde nie. Dit behels 'n religieuse antitese of dialektiek wat nie deur teoretiese sintese oorbrug kan word nie. Vanweë die inter-modale aard daarvan, is antinomie nie bloot teenspraak nie. Volgens Dooyeweerd beskik antinomie oor 'n logiese kant. Tot dié logiese kant, behels antinomie 'n teenspraak; maar as antinomie transendeer dit die perke van blote logiese teenspraak, wat vir voortgaande logiese opheldering vatbaar is.

Binne die breër konteks van die fenomenologiese program as sodanig, bly Dooyeweerd en Husserl filosofies verder van mekaar verwyder as wat met die eerste oogopslag blyk. Ingevolge Dooyeweerd se transendentale benadering, bly Husserl, wat ywerig na 'n konkreet-kritiese filosofie gestreef het, steeds deel van die krisis van die humanistiese selfbewussyn en bygevolg 'n toonaangewende eksponent daarvan.

Bibliografie

- BAMBACH, C.R. 1995. *Heidegger, Dilthey, and the Crisis of Historicism*. Ithaca: Cornell University Press.
- BIEMMEL, W. (Red.) 1950. Einleitung In: E. Husserl, *Die Idee der Phaenomenologie*. Den Haag: Martinus Nijhoff, pp. VI-XI.
- DEROO, N. 2016. *Meaning, Being, and Time: The Phenomenological*

- Significance of Dooyeweerd's Thought. In: *Phenomenology for the Twenty-First Century*. London: Palgrave Macmillan, pp. 77-96.
- DILTHEY, W. 1962. *Gesammelte Schriften*. Vol. VIII. Stuttgart: B.G. Teubner.
- HOMMES, H.J. VAN EIKEMA, 1961. *Een nieuwe herleving van het natuurrecht*. Zwolle: Tjeenk Willink.
- DOOYEWEERD, H. 1935-1936. *De Wijsbegeerte der Wetsidee*. Vols. 1-3. Amsterdam: H.J. Paris.
- DOOYEWEERD, H. 1939. Het tijdsprobleem en zijn antinomieën op het immanentiestandpunt In: *Philosophia Reformata* 4(1), pp. 1-28.
- DOOYEWEERD, H. 1954. *De Analogiese Grondbegrippen der Vakwetenschappen en hun betrekking tot de Structuur van den Menselijken Ervaringshorizon*. Mededelingen der Koninklijke Nederlandsche Akademie der Wetenschappen, afdeling Letterkunde. Nieuwe Reeks 17(6). Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij.
- DOOYEWEERD, H. 1960. *In the Twilight of Western Thought*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- DOOYEWEERD, H. 1962. *Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtswetenschap en de Rechtsgeschiedenis*. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.
- DOOYEWEERD, H. 1969. *A New Critique of Theoretical Thought*. Vols. 1-4. Geen plek van uitgawe vermeld: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- DOOYEWEERD, H. 1969. *Inleiding tot de Encyclopaedie der Rechtswetenschap*. Amsterdam: H.J. Paris.
- DOOYEWEERD, H. S.a. *Encyclopaedie der Rechtswetenschap*. Vol. 1. Amsterdam: Drukkerij D.A.V.I.D.
- HUSSERL, E. 1969. *Formal and Transcendental Logic*. Vertaal deur D. Cairns. Den Haag: Martinus Nijhoff.
- HUSSERL, E. 1970. *The Crisis of European Sciences and Transcendental Phenomenology*. Vertaal deur D. Carr. Evaston: Northwestern University Press.
- HUSSERL, E. 1999. *Cartesian Meditations: An Introduction to Phenomenology*. Vertaal deur D. Cairns. Dordrecht / Boston / London: Academic Publishers.
- HUSSERL, E. 2001. *Logical Investigations*. Vertaal deur J.N. Findlay. Routledge & Kegan Paul.

HUSSERL, E. 2008. *Logische Untersuchungen*. Reds. V. Mayer & C. Erhard. Berlin: Akademie Verlag.

MORAN, D. 2014. *Husserl's Crisis of the European Sciences and the Transcendental Phenomenology*. Cambridge: Cambridge University Press.

STRAUSS, D.F.M. 2009. *Philosophy, Discipline of the Disciplines*. Grand Rapids: Paideia Press.

VAN DER HOEVEN, J. 1951. *The Rise and Development of the Phenomenological Movement*. Hamilton: The Association of Reformed Scientific Studies.

VAN DER HOEVEN, J. 1964. *The rise and development of the phenomenological movement*. Ontario: The Association for Reformed Scientific Studies.

ZIJLSTRA, B. 1975. Introduction. In: L. Kalsbeek, *Contours of a Christian Philosophy*. Toronto: Wedge (1975), pp. 14-33.